

Die verganklikheid van die mens voor die Ewige God

Psalm 90 is die enigste Psalm wat aan Moses toegedig word. Hierdie Psalm is só ryk dat mens seker oor elke vers 'n preek sou kon maak.

Moses sê deur die Heilige Gees dat God van ewigheid af is en sal wees. Reeds voor die berge gemaak is, was God al daar. Hy sál ook wees tot in ewigheid. Daarenteen is die mens se lewe kortstondig. Die digter vergelyk die duur van die mens se lewe met 'n slaap (vs 5) en in vers 9 met 'n gedagte. Daarom dan ook die bede in vers 12 dat ons die dae van ons kortstondige lewe hier op aarde so mag gebruik dat ons wysheid bekom.

God is nie onderworpe aan tyd nie – inteendeel – God het tyd gemaak! Daarom is 'n duisend jaar in die oë van die Here soos 'n nagwaak (gedeelte van 'n nag).

Die digter gaan verder en noem dat die toorn van God oor die aarde is vanweë ons sondes. Maar in vers 11 vra Moses: “Wie ken die sterkte van u toorn?” Geen sondige mens ken waarlik die toorn van God nie. Net die wat in die hel gekom het, sal dit ken.

Ja, op hierdie aarde was daar net een Mens wat die toorn van God werklik geken het: Jesus Christus aan die kruis op Golgota. Hy het die toorn van God verduur ter wille van sy kinders – sodat ons dit nooit hoef te ken nie!

Sing: Psalm 90:1, 2 en 6 (1936)

Teologiese Student PGP le Roux